

30 Augustus

Skrifgedeelte: Numeri 24:15-25

Fokusgedeelte: Numeri 24:23

God bepaal die geskiedenis deur sy Woord

Balak, koning van Moab, het in angs geleef. Israel het hom polities en militêr bedreig, en gevolglik het hy die koning van Midian se hulp teen hierdie bedreiging ingeroep. Saam het hulle besluit om Bileam, 'n waarsêer van Babilonië, te laat kom om Israel te vervloek. Deur vervloeking kon 'n bedreiging uit die weg geruim word, so is destyds deur die heidene geglo. Die woord van 'n mens moes dus die verdere verloop van Israel se geskiedenis en daarby ook Moab en Midian se geskiedenis bepaal.

Wie bepaal die verloop van die geskiedenis ... Afrika ... Suid-Afrika se geskiedenis? In die media en in gesprekke word die versugting dikwels gelees en gehoor dat wêreldorganisasies polities en militêr moet ingryp en byvoorbeeld die regerings van diktators tot 'n einde moet bring, so asof die woorde van mense, wat besluite in die raadsale van die wêreld formuleer, die geskiedenis bepaal.

In wie se hand is die geskiedenis werklik? Die almagtige God bepaal die verloop van die geskiedenis! Hy het die optrede van Bileam, 'n enkele mens, bepaal (Num 22:12, 20). Hy het die verloop van die geskiedenis van al die heidennasies en ook van Israel bepaal. Hoe? Deur sy Woord! Die ster uit Jakob (Num 24:17), die septer uit Sion (Ps 110:2) is die Woord wat mens geword het (Joh 1:14) – Jesus Christus wat gekruisig is en ook opgestaan het.

God het alles deur sy Seun geskep (Kol 1:16). Hy regeer alles en almal deur Hom (Kol 1:17). God bring ook alles deur Christus tot 'n einde (1 Tess 4:16). God het reeds vir die mens wat deur geloof in Christus geleef het, die ewige saligheid bepaal. Wee al die volke, nasies en tale wat in ongeloof sonder Christus geleef het. Vir hulle het God reeds die ewige ondergang bepaal.

Sien deur die Heilige Gees die verloop van die geskiedenis in God se hand. Leef met hierdie troos en sekerheid wat net God se Gees jou kan gee!

Sing: Psalm 68:1, 2 (1936-beryming)

Ds PJ Nel (Akasia)